ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Julie 2024 (90)

# KERMIS 2024

Op Saterdag 31 Augustus 2024 van 09h00-13h00 hou Eldoraigne Aftreelandgoed weer kermis! Na die sukses van 2023, glo ons hierdie jaar gaan dit nog beter wees.

Maak seker jy is daardie naweek hier en bring sommer jou kinders, kleinkinders, ander aangetroude familie en vriende saam. Die feestelikheid sal weer plaasvind in die braai-area, onder die motorafdakke langs die saal, in die saal self, die sitkamer en die eetsaal.Daar sal meer as 50 tafels beskikbaar wees met 'n wye verskeidenheid van ware wat aangebied word deur uitstallers/verkopers (inwoners) en ook verskeie uitstallers van buite.

Eetgoed soos Kerrie-en-rys, heerlike poedings, 'n gebak-tafel, jaffles, pannekoek, teetuin en vele ander lekker eetgoed. Kom koop gerus en maak jou yskas/vrieskas vol vir die daaropvolgende weke. Handwerk soos skilderye, juwele, plante, naaldwerk en kinderspeelgoed sal beskikbaar wees.

Inwoners word uitgenooi om 'n tafel of afdak te bespreek en te betaal by Ontvangs teen R100 per tafel, vanaf 1 Augustus. Ons gaan die plek op horings neem, musiek maak, kuier en nuwe intrekkers leer ken. Navrae Johan du Preez (3192)

## FETE 2024

On Saturday 31st August from 09h00 to 13h00. Book a table/ carport at reception from 1st August.

## DIE DAG KOM NADER…IS JY VOORBEREID?

Op 14 Mei 2024 het Sonja Smith Elite Funeral Group tesame met La Vie Care Elmed 'n uiters insiggewende en leersame onderwerp aangespreek tydens 'n besprekingsgroepsessie in die saal. Dit was vir my verstommend dat slegs 23 inwoners teenwoordig was, uit 'n moontlike inwonertal van meer as 500. Die meerderheid inwoners se sake is seker in orde!

Die volgende 3 punte is belig:

**1.Dapper gesprekke met jou familie.**

Almal is dit een of ander tyd te wagte, maar niemand wil praat oor die dood en daarna nie. Jou kinders/naaste familie, moet vooraf weet wat is jou wense. Om te verhoed dat die agtergeblewenes te veel stres ervaar, afgesien van jou heengaan, moet sekere administratiewe take VOORAF gedoen word.

**2.Die belangrikheid van 'n lewenslệêr.**

Die mate van vooruitbeplanning word bepaal deur die grootte van jou boedel. Indien jy geen vaste eiendom besit nie, geen beleggings of pensioen het nie, nie getroud is en ook nie meer 'n motor nie, is die volume van jou lewenslệêr klein-een dun A4-leer sal voldoende wees. Indien jy egter oor verskeie vaste eiendomme beskik, 'n gediversifiseerde beleggingsportefeulje , heelwat roerende bates en verskeie polisse het, sal jy waarskynlik 2-3 A4-lệêrs nodig hệ.
Die volledigheid van jou Lewenslệêrs verskaf gemoedsrus aan jou kinders, maar ook aan jou eksekuteur. Niemand hoef dan in jou hartseertyd rond te hardloop om dokumentasie te soek nie. (my sussie is onverwags op 48 dood aan 'n hartaanval; sy het nog 3 klein kinders gehad, ek het 2 weke gesoek na haar testament en dit in 'n kartonboks in haar motorhuis opgespoor)

**3.Begrafnisse en verassings**.

Sonja Smith se begrafnisse vind plaas met "deernis, sorg en waardigheid". Hulle voorsien 'n volledige diens wat onder andere verskillende tipes begrafnisse insluit, asook registrasie van dood by Binnelandse sake, bystand met begrafnispolis-eise van ander instansies, begrafnisversekering ens.
Kontak gerus Sonja Smith se Centurion-tak in Clubview by 012 654 9902 vir vooraf-beplanning en gemoedsrus.

## LEWENSLȩ̂ERS

Met die naderende ouderdom is daar heelwat administrasie wat mens self **VOORAF** in orde moet kry, vir wanneer dit onverwags benodig word. Skaf ‘n lewenslȩ̂er aan en hou dit op datum. Plaas dit op ‘n plek waar jou kinders/familie dit maklik sal kry, indien jou makelaar of prokureur nie reeds al jou besonderhede het nie.

Kortliks behels dit alle persoonlike en finansiële dokumente soos:

1.Afskrif van ID en paspoort, asook van gade en kinders.
2.Huweliksertifikaart, Huweliksvoorwaardekontrak, Egskeidingsbevel…
3.Sterftesertifikaat van jou eggenoot indien hy/sy reeds oorlede is.
4.Testament en Lewende Testament indien jy een het.
5.Besonderhede van begrafnisondernemer, begrafnispolisse en Lewende Testament (Living will) waarin jy uiteensit wat jou wense tov ‘n begrafnisdiens is.
6.Mediese fonds besonderhede
7.Kontakbesonderhede van ouers, kinders, familie en vriende in geval van nood.
8.Besonderhede van lewenspolisse en ander polisse, en jou makelaar se kontakbesonderhede.
9.Besonderhede van korttermynversekering op jou huisinhoud en voertuig.
10. Eienaarskapsertifikaat van voertuig.
11. Vuurwapenlisensies en sertifikaat van bevoegdheid.
12.Inkomstebelastinginligting en wie jou belastingvorms voltooi.
13.Vaste bates: Titelaktes van enige eiendom wat jy besit en besonderhede van versekering en kapitaalwinsbelastingopsomming.
14. Finansiële bates: Bankstaat van elke rekening wat jy het-nie ouer as 3 maande. Beleggings in pensioenfondse, effektetrusts, aandele, geldmarkfondse…
15.Harde bates: skilderye, juwele, versamelings…
16.Skuld: Korttermyn: rekeninge, lenings, kredietkaart…
Langtermyn:huis en voertuie.
Skuld jy aan iemand iets, of wie skuld aan jou iets.
17.Huurkontrakte en dispute. Hofsake.
18.Besigheidsinligting indien jy nog ‘n besigheid bedryf.
19.Besonderhede van jou prokureur, makelaar en eiendomsagent.

**LEWENSLȩ̂ER vervolg**

**NA AFSTERWE** is daar ook heelwat administrasie wat gedoen moet word, byvoorbeeld
1.Die dood moet aangemeld word by die SAPD, 'n begrafnisonderneming of Binnelandse Sake.
2. Vorm BI-1663: 'n aanmelding van sterfkennis word dan uitgereik vir voltooiing deur die persoon wat die sterfte aanmeld: 'n dokter, 'n lid van die SAPD of 'n amptenaar van Binnelandse Sake.
3. Vorm BI-1680: 'n Doodsverslag word dan uitgereik deur 'n SAPD-lid, genesers of begrafnisondernemers.
4. Vorm B-1663:'n Verwyderingsbrief is nodig om die liggaam te vervoer, en kan eers uitgereik word nadat die doodsverslag voltooi is.
5. 'n Verkorte doodsertifikaat word dan deur Binnelandse Sake uitgereik, nadat die vorms in 1 en 2 voltooi is.
6.Laat stempel die oorledene se ID-boekie om aan te toon dat hy/sy afgesterf het.
7.Vorm B-14: die Begrafnisbevel is nodig voordat die begrafnis gehou kan word.
**8.Dit word aanbeveel dat 'n begrafnisonderneming hierdie administrasie verrig, terwyl die agtergeblewenes deur die rouproses gaan.**
9.Die begrafniskoste kan teen die boedel ge-eis word, maar dis nie die taak van die eksekuteur wat die boedel behartig, om begrafnisreëlings te tref nie.
10. Indien u nie reeds baie jare gelede by 'n begrafnisgroep aangesluit het nie en dus nie oor 'n "begrafnisboekie" beskik nie, moet u onmiddellik werk maak daarvan. Kontak Sonja Smith of 'n groep van u keuse.

Indien die oorledene lid was van die **Staatsdienspensioenfonds (GEPF),** moet die langslewende gade ook die volgende doen:
Z300: Aansoek om begrafnisvoordeel.
Z894: Voltooi vorm vir betaling van begrafnisvoordeel in u nuwe bankrekening /of boedelrekening in.

Z143: Weduwee/wewenaar vra pensioen
Z894: Vir pensioenbetaling in nuwe bankrekening

# HERWINNING VAN GLAS



Plaas alle glasware in die groen houer in die SW-hoek van die landgoed, agter die woonstelle naby die kragopwekker. Dit sluit in: alle bottels vir konfyt, medisyne, speserye, wyn en drank, parfuum en glas deodorantbotteltjies, blompotte, vensterruite, spieëls, glase en glasbakke en selfs keramiekware soos borde, koffiebekers, koppies en pierings.Verwyder eers alle nie-glas soos metaal of plastiekproppe.

**Onder geen omstandighede** moet dit in die swart sakke geplaas word wat deur die tuinkontrakteur opgelaai word nie.



Die Noot-vir-nootaand is gehou gedurende Mei in die eetsaal, met Wenners soos volg:Eerste was tafel 9 met Giel, Wilma, Drien en Ines. Tweede was tafel 5 met Rosie, Gert, Chris en Eleanor
Derde was tafel Tafel 7 met Dalene, Jeanetta en Gert. Geluk!


















7

6

13




2


6



## ‘n BABA !

Die Algemene Bestuurder, Hansie was bevoorreg om in Mei 2024 vir die tweede keer Oupa te word-9 jaar na die eerste kleinkind.

Geluk Oupa en mag sy vir julle baie vreugde verskaf

## Kruger Wildtuintoer Mei 2024

Vier inwoners van die Landgoed het ‘n 5-dag toer na die Wildtuin meegemaak.



Toere wat voorlệ is die **Blommetoere** in Augustus en September en die Okt **Overbergtoer** van 9 dae. Gedurende hierdie toer word onder andere aangedoen by Gordonsbaai, Hermanus, Gansbaai, Kaap Agulhas, Struisbaai, Kassiebaai, Waenhuiskrans, De Mond natuurreservaat, pontrit oor die Breërivier, Swellendam, trekkerrit teen Langeberge uit, Genadendal, Sir Lowryspas en Kaapstad. Retoervlugte JNB na CPT sluit die ongemak van lang ritte uit. Kontak Johan du Preez vir navrae 3192

# KERKDIENSTE /CHURCH SERVICES 2024

Church services will be held every Wednesday in the Hall at 09h30. There will be no services during school holidays or on a public holiday. Kerkdienste sal plaasvind elke Woensdag in die saal om 09h30. Daar sal geen dienste wees tydens skoolvakansies en op publieke vakansiedae nie.

| Date/ Datum | Gemeente/ Congregation | Prediker/Preacher | Taal/ Lang |
|---|---|---|---|
| 10 Julie | Neos gemeente | Ralf du Toit | Afr |
| 17 Julie | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| 24 Julie | West View Methodist | To be confirmed | Eng |
| 31 Julie | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |
| 7 Aug | Herv Kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 14 Aug | West View Methodist | To be confirmed | Eng |
| 21 Aug | Saints Presb church | Lentikile Mashoko | Eng |
| 28 Aug | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |
| 4 Sept | West View Methodist | To be confirmed | Eng |
| 11 Sept | Herv Kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 18 Sept | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| | **Skoolvakansie** | **School holiday** | |
| 2 Okt | Westview Methodist | To be confirmed | Eng |
| | | | |

Hou ook die kennisgewingborde dop vir moontlike veranderinge.

**NUWE KLINIEKURE**

Neem asb kennis dat die nuwe kliniekure van die landgoedsuster Maandag tot Sondag van 10h00 tot 12h00 sal wees vir bloedtrek, bloeddrukmeting, wondsorg ens. Die suster sal geen inwoner (behalwe noodgevalle) buite die ure sien sonder 'n afspraak nie.

**NEW CLINIC HOURS**

Please take note that the new clinic hours of the estate sister will be Monday to Sunday from 10h00 to 12h00 for taking blood, blood pressure, wound care etc. The sister will not see any resident (except emergencies) outside these hours without an appointment.

**STERFTES**

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

153 Gawie du Preez 8 Mei

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

**Inspirasie: Verwonder, nie verwond.**

Om met gevoelens van verwonding en bitterheid saam te leef is dodelik. As jy dit nie uit jou sisteem kry nie, gaan jy lewenslank daardeur gevange gehou word.

Wat is die teenmiddel vir verwonding? Verwondering, dis wat! Verwondering vervang verwonding wanneer jy kies om elke dag wat die Here oor jou pad stuur, te ontvang as 'n hemelse geskenk.

Verwondering groei terug in jou hart as jy aanleer om die Here se goedheid aanhoudend raak te sien in die skepping- in elke mooi sonsondergang, en in elke blom wat oopgaan in jou tuin. Verwondering daag op as jy kies om mooi dinge raak te sien in mense wat jou lewe elke dag omring. Verwondering gebeur as jy aan die einde van elke dag jou seëninge tel en opreg vir die Here dankie sệ hiervoor. Dan staan jy al hoe meer verwonderd oor elke porsie genade in jou lewe. (Stephan Joubert)

**LAVIE CARE ELMED in 2024**
**Verskaf sorg terwyl ons nog lewe**

Hierdie fasiliteit op die terrein van Eldoraigne Aftree Landgoed, het 24-uur versorgings- en Tuissorgdienste. Elmed is 'n 32-bed fasiliteit wat voorsiening maak vir die versorging van verswakte bejaardes. Elmed gee voorkeur in die Versorgingseenheid aan inwoners van die Landgoed, maar om finansiële volhoubaarheid te verseker, sal pasiënte van buite ook ingeneem word. Daar is tans 8 inwoners van die landgoed in die Versorgingseenheid.

Tariewe vir inwoners is soos volg:
-R23 580 per maand wat 3 etes, 3 versnaperinge en 24-uur versorging insluit. Linne word verskaf en wasgoed word gewas.
-Indien daar nie 'n bed beskikbaar is in die LaVie Care@Elmed Versorgingseenheid nie, kan Elmed 12 of 24-uur versorging beskikbaar stel. Die tarief vir 24-uur versorging tuis is R25 725 per maand. Indien dit 24 uur met 'n alternatiewe persoon gaan wees om te help gaan dit R32 603 per maand wees.
-Inwoners kan oornag by Elmed teen 'n bedrag van R575 in 'n deelkamer, ontbyt ingesluit, indien 'n bed beskikbaar is. Vir 'n privaat kamer is dit R970 per nag, ontbyt ingesluit, indien 'n bed beskikbaar is.

Die vlak van versorging in die fasiliteit is soos volg:
Bedwas/stort, buisvoedings, mondhigiëne, pasiënte voer, bed opmaak, wondsorg, druksorg, hulp met gehoorapparate, hare was, vitale teken monitering, skeer van mans, naelsorg, hulp met aan-en uittrek, algemene versorging van kolostomie-sakkie, kateter sorg, omruil van doeke, suurstofterapie, medikasie administrasie, oogsorg, nasogastriese buisvoeding, aanteken van inneem en uitskeidings daagliks.
By opname in die Versorgingseenheid benodig Elmed die volgende:
ID dokument, Mediese Fonds kaart, nuutste voorskrif vir medikasie, toiletware en lospassende klere. Tydens opname word elke pasiënt se dieët voorkeur in ag geneem.

Elmed bied ook tuisversorgingsdienste aan, nl: medikasie administrasie, inloerdienste 1-3 keer per dag. Hierdie sessie is 20 minute. Hulle verskaf ook hulp met stort/bad was, 12-uur/24-uur versorging. Tariewe op aanvraag beskikbaar. (Louise McLennan, Fasiliteitsbestuurder)


Eldoraigne
Retirement Estate
Properties FOR SALE
Ruan Erasmus
071 481 6199
- 2 Bedroom, 1 Bathroom Apartment - R1350 000
- 3 Bedroom, 2 Bathroom Simplex - R2850 000
- 1 Bedroom, 1 Bathroom Apartment - R950 000
Properties FOR RENT
Stella Cloete
072 459 2230
– 1 Bed, 1 Bath Apartments from only R7600pm
– 2 Bed, 1 Bath Apartments from only R8600pm
– 2 Bed, 1 Bath Simplexes from only R11000pm
stay WARM this winter
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
011 805 6316
www.csi-euf.co.za


RETIREMENT
THE MONEY'S CRAP BUT
THE HOURS ARE GREAT


Gratis BASIESE
GEHOORTOETS EN
AFSLAG TOT EN MET
R6000
OP GEHOORAPPARATE!
SKAKEL ONS
VIR JOU
AFSPRAAK
012 111 7272
AdvancedHearing
WWW.CENTURIONAUDIOLOGIST.CO.ZA
258B JEAN AVE, @HEALTH MEDICAL CENTRE CENTURION